

VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2025

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte


LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR.

1. Hierdie vraestel bestaan uit **11** bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)
 3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.
 4. Nommer al jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
 5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
 6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.
-

AFDELING A**LETTERKUNDE****INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord **AL VIER** vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in vraag 4** neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

BEPLANNING	ANTWOORD
 (linkerkantse bladsy) Bron: <i>Pinterest</i>	 (regterkantse bladsy) Bron: <i>graphicsfactory.com</i>

DONKER WEB – Fanie Viljoen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Donker Web*.

VRAAG 1 VERSKILLENDEN WAARSKUWINGS WAT GREG ONTVANG HET

Ek kry my tas en stap met die tasse op na my plek. Sluit oop en loop binnetoe. Ook hier is dit donker. Ek sit die lig aan.

Dan kom die gevoel: iets is nie reg nie.

[bl. 68]

- 1.1 Noem twee bewyse dat daar iemand in Greg se woonstel was. (2)
- 1.2 Verduidelik volledig wat Greg op sy balkon se skuifdeur ontdek het? (2)
- 1.3 Wat het Greg laat besef dat dit 'n waarskuwing was en nie 'n inbraak nie? (1)
- 1.4 Wie, dink Greg, was in sy woonstel? (1)

Skielik helder my selfoonskerm langs my op. Wie stuur dié tyd van die nag boodskappe?

Woensdagoggend, halfagt by die inligtingsentrum, Markstraat. Kry jou daar.

[bl. 101]

- 1.5 Watter vreesaanjaende insident het die dag voor dit gebeur wat ook 'n waarskuwing vir Greg was? (1)
- 1.6 Wie, dink Greg, sou hy by die inligtingsentrum ontmoet? (1)
- 1.7 Uiteindelik roep iemand vir Greg terwyl hy by die inligtingsentrum gestaan het. Waarvandaan het hierdie persoon vir Greg geroep? (1)
- 1.8 Namens wie gee hierdie persoon 'n waarskuwing vir Greg? (1)
- 1.9 Bespreek die familie-dreigement wat Greg ook hier ontvang het? (1)

Majestueus. 'n Reusewerk waarna ek met verwondering opstaar. Die ingehoue spanning in die lyf. Onkenbare krag in sy hande. 'n Diep frons, asof hy weet hy staan voor 'n onstuitbare vyand.

"Beautiful, don't you agree?"

[bl. 222]

- 1.10 Waarna kyk Greg wat hy so bewonder? (1)
- 1.11 Greg besef nie wie dit is wat met hom praat nie. Wie is die persoon? (1)
- 1.12 Greg wil weet hoe die man so baie oor die reusewerk weet. 'n Vrou beantwoord sy vraag. Wat sê die vrou vir Greg? (1)
- 1.13 Watter waarskuwing, in jou opinie, wou die vrou vir Greg gee? (1)

[15]

VRAAG 2 GREG SE UITDAGINGS

Sy het een van sy T-hemde aan. Ek weet ek mag nie kyk nie. Sy is buite perke, soos Xander gewaarsku het. Maar wat van hom en Nicksie in J'Bay?

[bl.150]

- 2.1 Na wie verwys die “sy” in die bostaande uittreksel en hoekom is dié persoon vir Greg buite perke? (2)
- 2.2 Nicksie is ‘n bynaam. Gee die persoon se regte naam en sê wat haar verhouding met Greg was. (2)
- 2.3 Wanneer was die laaste keer wat Greg vir Nicksie gesien het? (1)
- 2.4 Wie was saam met Nicksie die laaste keer wat Greg haar gesien het? (1)
- 2.5 Greg is onder die verkeerde indruk oor wat werklik met Nicksie in J'bay gebeur het. Bespreek kortliks watter verkeerde indruk Greg gehad het en wat regtig gebeur het. (2)

2.6

“Presies. Die donker web is gemaak vir ouens soos hy,” sê Xander. “Maar hoe kry ons hom tussen al daardie drek?” vra ek. Dis ons volgende probleem. Xander maak ‘n volgende been op die breinkaart. Hoe kry jy die Baker?

[bl.150]

Greg en Xander gebruik die donker web om die Baker vas te trek. Skryf ‘n **paragraaf van tussen 80 en 120** woorde waarin jy die donker web bespreek. In jou paragraaf moet jy aandag aan die volgende kolpunte gee:

- Wie het die donker web oorspronklik geskep en waarvoor is dit aanvanklik gebruik? (2)
- Noem twee programme/sagteware wat Xander en Greg in Istanboel gebruik het om toegang tot die donker web te kry. (2)
- Gee twee reëls wat jy moet volg as jy die donker web wil gebruik. (2)
- Hoe gebruik Greg en Xander die donker web om die Baker op te spoor? (1)

[15]

VRAAG 3 OOM DIRK PRAAT MET RINA OWEN

Oom Dirk gesels oor die telefoon met **Rina Owen** voordat hy met Greg in Italië kontak maak. Voltooi nou die volgende dialoog. Skryf SLEGS die vraagnommer en Rina Owen se woorde in jou Antwoordboek neer. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

- 3.1 Oom Dirk: Mev. Owen, ek gaan môre vir Greg in Venisië ontmoet.
Wat moet ek vir hom sê oor wat in die tronk gebeur het?
Rina Owen: ... (2)
- 3.2 Oom Dirk: Hoeveel keer het jy al by jou man in die tronk gaan kuier?
Rina Owen: ... (1)
- 3.3 Oom Dirk: Jy is seker vreeslik alleen vandat Greg die huis verlaat het.
Is daar iemand wat by jou kom kuier?
Rina Owen: Ja, ... (1)
- 3.4 Oom Dirk: Wanneer het Greg hom ontmoet?
Rina Owen: ... (1)
- 3.5 Oom Dirk: Ek het gehoor dat Chris Owen en Thomas Lawson
teleurgesteld met Greg se studierigting is.
Waarom stem hulle nie saam met wat hy studeer nie?
Rina Owen: ... (1)
- 3.6 Oom Dirk: Voor hulle geboorte het jy geweet dat Greg en sy broer nie
dieselfde gaan wees nie. Kan jy asseblief verduidelik wat die
verskille tussen die twee babas was.
Rina Owen: John was ... en Greg was ... (2)
- 3.7 Oom Dirk: Daardie dag toe Greg Stellenbosch toe gery het, het hy iets
gedoen sodat John nie, volgens die Meksikaners, 'n "derde
dood sterf nie". Wat het Greg gedoen?
Rina Owen: ... (1)

- 3.8 Oom Dirk: Greg het met sy splinternuwe BMW na Stellenbosch toe gery. Ek weet hierdie is dalk 'n persoonlike vraag, maar hoe kan jy en Greg julle leefstyl bekostig terwyl Chris in die tronk is?
- Rina Owen: ... (1)
- 3.9 Oom Dirk: Hoekom moes jy en Greg tydens die hofsake, terug na Lawson Kollege gaan?
- Rina Owen: ... (1)
- 3.10 Oom Dirk: Ek onthou Greg het my vertel dat iemand met julle wou praat terwyl julle daar was. Wie was dit en watter raad het die persoon vir Greg gegee?
- Rina Owen: ... (2)
- 3.11 Oom Dirk: Greg het vir jou gesê dat jy my enige tyd kan bel as daar moeilikheid is of as jy onveilig voel.
- Wat het gebeur dat hy so bekommerd oor jou was?
- Rina Owen: ... (1)
- 3.12 Oom Dirk: Greg het my vertel van 'n pragtige skildery wat in sy woonstel hang. Hy het gesê dat jy dit vir hom gekoop het.
- Wie het daardie skildery geskilder?
- Rina Owen: ... (1)
- Oom Dirk: Baie dankie, Mev. Owen. Ek sal jou laat weet sodra ek kontak met Greg gemaak het.
- Rina Owen: Dankie. Kyk mooi na my seun.

[15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL**Tema: VERRAAD, MOORD EN ONEERLIKE/SKELM KARAKTERS****Opdrag:**

In sy reis in die verhaal **Donker Web**, ontmoet Greg Owen slinkse (*cunning*) karakters wat die ander verraaï, bedrieg of vermoor. Skryf nou 'n opstel van **250 tot 400 woorde** oor Greg se ervaring met dié karakters.

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verlang word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Inleiding**Paragraaf A: Xander Gericke se oneerlikheid.**

- Xander het op 'n vervalste manier by Lawson Kollege aangesluit. Onder watter ander naam was hy by Lawson Kollege bekend? (1)
- Wat het Xander vir Greg leer doen? (1)
- Verduidelik hoe Xander die Owen gesin vernietig het. (2)
- Hoekom, dink jy, het Xander so opgetree? (1)
- Greg het nie geweet van Xander se finale plan vir die Baker nie.
Watter sagteware/program het Xander gebruik om die Baker se laboratoriums te vernietig? (1)

**Paragraaf B: Valkyrie - moordenaars**

- Waar het Greg die naam Valkyrie vir die eerste keer gesien? (1)
- Waarna verwys die naam Valkyrie toe Greg in Firefox se soekenjin ondersoek gaan instel het? (2)
- Valkyrie, die Baker se sielsgenoot, was ook 'n slinkse karakter.
Verduidelik wat Valkyrie se aandeel in Regter Gericke se teregstelling was. (1)
- Valkyrie was ook verantwoordelik vir Plank se dood in die Canale Grande.
Bespreek kortliks hoe Plank sy lewe verloor het. (2)



Paragraaf C: Die sluwe Dok Pienaar

- Die koue, gevoellose Dok Pienaar was ook 'n oneerlike karakter.
Watter posisie het Dok Pienaar voorheen by Lawson Kollege gehad? (1)
- As deel van die onheilige drie-eenheid se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme, het Dok Pienaar ook 'n rol in Regter Gericke se verdwyning, gespeel.
Bespreek Dok Pienaar se rol? (1)
- Teen die einde van die verhaal leer Xander, by die Koninklike Tuine, presies hoe Dok Pienaar van Regter Gericke se lyk ontslae geraak het.
Verduidelik hoe Dok Pienaar dit gedoen het. (2)

**Paragraaf D: Sebastian Stadler – Die grootste misleier**

- Sebastian Stadler is seker die grootste skelm in die verhaal en het baie chaos gesaai. Wat het Xander aan Sebastian Stadler gedoen nadat Sebastian alles aan Greg-hulle in die Koninklike Tuine verduidelik het? (1)
- Rian Trollip het hom glo in sy tronksel opgehang. Het Rian regtig selfmoord gepleeg? Verduidelik jou standpunt. (2)
- Sebastian Stadler was baie wreed teenoor die mensdom.
Bespreek hoekom hy soveel haat in hom gehad het. (1)

**Slot****Taal en struktuur** (5)**[25]****70 punte**

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - interpretasie van die opdrag
 - inhoud en idees
 - register en toon
 - taalgebruik

5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar met jou skryfstuk is.

VOORBEELD:

BEPLANNING  (linkerkantse bladsy)	VRAAG  (regterkantse bladsy)
---	---

VRAAG 5 BLOGINSKRYWING**Situasie:**

Jy is 'n tiener met belangstelling in kuberveiligheid.


Opdrag:

Skryf 'n **bloginskrywing** waarin jy kuberveiligheid bespreek. Fokus op die volgende kolpunte:

- Waarom, dink jy, is tieners teikens op sosiale media en watter tipe gevare bestaan daar vir jongmense aanlyn?
- Wat is kuberafknoery (*cyber bullying*) en watter impak het dit op tieners se geestesgesondheid?
- Bespreek watter gevaar vreemdelinge vir tieners wat aanlynspelletjies speel, kan inhou.
- Hoe, dink jy, moet ouers en onderwysers tieners aanlyn beskerm?

Instruksies:

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande kolpunte indeel.
- Jou bloginskrywing moet 'n **opskrif** asook 'n **inleiding-** en 'n **slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou blog moet **tussen 150-220 woorde** lank wees.
- **Skryf jou getal woorde onderaan jou blog neer.**
- Onthou: Hierdie is 'n **transaksionele teks**. Jy moet jou idees goed struktureer en uitbrei, eerder as om bloot die kolpunte te beantwoord.

[20]

<https://www.istockphoto.com/illustrations/internet-safety-for-kids>
<https://www.freepik.com/free-photos-vectors/cybersecurity-risks>

VRAAG 6 E-POS**Situasie:**

Jy doen aansoek om by 'n tersiêre instansie te studeer.

Opdrag:

Skryf 'n e-pos aan die fakulteit waar jy aansoek doen:

- Vertel watter kursus jy wil doen en waarom;
- Vertel van jou belangstellings en doelwitte;
- Verduidelik hoekom dit goed vir die fakulteit sal wees om jou toe te laat om die kursus te doen.

Instruksies:

- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees en **moet** die bogenoemde kolpunte aanspreek.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Gebruik die onderstaande formaat vir jou e-pos.

Aan: _____

Onderwerp: _____

=====

Geagte Mnr./Mev. _____

Byvoorbaat dankie.

(Jou naam)

[10]

30 punte

TOTAAL: 100 PUNTE